



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

- 1.1 Omdat hy op skool geboelie is/Op skool is sy selfvertroue deur boelies afgebreek. (1)
- 1.2 "sy teenstanders stukkend gehardloop" (1)
- 1.3 Vir die Olimpiese Spele (in Rio de Janeiro). (1)
- 1.4 "huishoudelike naam" (1)
- 1.5 1.5.1 Hy laat toe dat sy gesig in 'n veldtog teen boelies gebruik word./Hy verleen hulp en tyd aan ... (1)
- 1.5.2 Cartoon Network en Childline. (2)
- 1.6 Sy voel positief teenoor hom. (Iets soortgelyk = korrek) (1)
- 1.7 1.7.1 Onwaar (1)
- 1.7.2 Hy het **nie twee keer gedink** om by hierdie veldtog aan te sluit nie. (1)
- 1.8 Om jongmense te help om teen boelies op te staan.
Om jongmense bewus te maak dat dit gestop kan word. (2)
- 1.9 Boelies maak nou gebruik van sosiale media om jongmense te boelie. (1)
- [13]

VRAAG 2 VISUELE TEKS – ADVERTENSIE

- 2.1 Daar is (drie) foto's van disse wat met hulle produkte gemaak is. (1)
- 2.2 Eet beter. Leef beter. (1)
- 2.3 Sodat mense hulle produkte in die winkels sal herken. (1)
- 2.4 2.4.1 Waar (1)
- 2.4.2 Dit dien as fokuspunt en laat die leser onmiddellik verstaan watter produk bemark word. (1)
- 2.5 B (1)
- 2.6 Mense moet gesond eet/'n gesonde lewenstyl handhaaf. (1)
- [7]

VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

- 3.1
- Hy is bles/het nie hare nie.
 - Hy het sakke onder sy oë. (plooie)
 - Hy het wange wat hang.
- } Enige twee (2)
- 3.2 3.2.1 Waar. (1)
- 3.2.2 Daar is 'n krieketskof wat teen die stoel leun. (1)
- 3.3 Die strepies wat beweging aandui/sy hande wat in die lug is. (2)
- 3.4 Hy sal nie universiteit toe kan gaan nie.
Hy sal nie 'n goeie opvoeding kry nie.
Hy sal nie selfstandig kan wees nie.
(Enige een) (1)
- 3.5 'n **Skoot**rekenaar/rekenaar. (1)
- 3.6 Dit word duurder om te studeer. (1)
- 3.7 koerant (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

- Ken 2 punte vir elke korrekte feit toe.
- Penaliseer slegs taalfoute met 'n ½ punt tot 'n maksimum van 2 punte.
- Dieselfde taalfout word dus nie twee keer geenaliseer nie.
- Spelling tel nie, behalwe as die woord 'n ander betekenis kry. Dan word dit as deel van taalfoute geenaliseer.
- Trek 'n ½ punt af vir minder as 60 woorde en meer as 80 woorde.
- Trek 'n ½ punt af as die woordtelling ontbreek of nie korrek gegee word nie.
- Onthou: elke sin moet 'n wenk EN 'n voordeel insluit.
- Indien die kandidaat deurgaans direk uit die teks aangehaal het, kry hy net een punt vir elke aanhaling.

1. Bou jou immuunstelsel op **sodat** jy jou stres onder beheer kan hou.
2. Om jou immuunstelsel op 'n natuurlike manier te help, **kan** jy op 'n daaglikse basis meer vars groente en vrugte eet.
3. Jy moet die hoeveelheid verwerkte en verpakte voedsel verminder omdat dit nie gesonde kos is nie.
4. Gebruik 'n natuurlike immuun-versterker of Vitamien C-aanvulling **wat** jou liggaam sterker sal maak teen siektes.
5. Doen kardiiovaskulêre oefening **sodat** jy jou hartklop ook opkry.
6. Kry ook baie rus, **want** dit help om jou immuunstelsel op te bou.

(69 woorde) (enige 5)

10 punte

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – Hoe die *band* ontstaan het

- 5.1 Vrye vers. (1)
- 5.2 (Radio-)omroeper. (1)
- 5.3 Dit word beklemtoon deur die herhaling van die woord *veilige* in reël 2. (1)
- 5.4 "windstil" (1)
- 5.5 "... waarin **boeke** soos goeie maniere **stilsit**". (1)
- 5.6 Die kinders gaan nie enige boeke uit hulle tasse haal om te werk nie. (Iets soortgelyks) (1)
- 5.7 "... die **sis**geluid wat die strykster graag maak" (reël 18). (1)
- 5.8 **Enige EEN van die volgende is korrek:**
- die borrels in die pastapot en die plekmatjies.
 - die onuitdagende houding van die sout-en peperpotjies. (1)
 - die gemak waarmee vuil skoolklere in die wasgoedmandjie val.
- 5.9 In reël 30/In die reël wat begin met die woordjie "maar ..." (Enige een) (1)
- 5.10 Hulle gaan gebed op sê/gaan bid/die Here bedank vir die kos. (1)
- 5.11 B opstand (1)
- 5.12 Rustig teenoor opstandig/luid (Iets soortgelyks) (1)
- [12]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – Kinderspeletjies

- 6.1 Dit verwys na die **direkte woorde uit die kinderspeletjie** "Wolf, wolf". (1)
- 6.2 Daar skuil **gevre** in die moeras waarvoor mense moet oppas. (Iets soortgelyks) (1)
- 6.3 6.3.1 Na die **oorloë** (wat die aarde verwoes). (1)
- 6.3.2 Dit **beklemtoon** () hoe **groot en vernietigend** die mynbedryf is. () (2)
- 6.3.3 (a) Besoedeling van die lug. ()
(b) Besoedeling van riviere (water). () (2)
- 6.4 Die wêreld gaan vergaan/vernietig word. (1)
- [8]**

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – Vrees van die arbeider

- 7.1 Hy is 'n arbeider/Hy werk met sy hande. (1)
- 7.2 "Bitter" (1)
- 7.3 Dit verbind die twee strofes aan mekaar/Dit versnel die tempo van die gedig. (1)
- 7.4 "vereelte hande" (1)
- 7.5 7.5.1 Nee (1)
- 7.5.2 Die spreker vermoed dit. (1)
- 7.6 Dit verwys na die tye wanneer 'n mens dieper dink/peins oor die lewe/jou lot/nie
werk nie. (1)
- 7.7 Hy het 'n donker/somber/hartseer gevoel gehad dat sy vrou hom nie meer lief
het/bystaan nie. (Iets soortgelyks). (1)
- 7.8 Sy voel nie meer vir hom iets nie/Sy is neutraal teenoor hom (geen haat – geen
liefde) (1)
- 7.9 C koeplette. (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Verkeerde spelling word nie in hierdie vraag gepenaliseer nie.

- 8.1 **Môre** sal die onderwyser met die student staan en gesels. (1)
- 8.2 **Verlede jaar** wou die seun nie in die moeilikheid (ge-) kom (het) nie. (1)
- 8.3 **Alle studente behoort** hulle eie werk te doen. (1)
- 8.4 **Nee**, ek het nog nooit ander studente se werk afgeskryf nie. (1)
- 8.5 **Vandat** hy in 'n kwaai onderwyser se klas is, moet hy hard werk. (1)
- 8.6 **Meneer Smit het hom gewaarsku, nogtans** wou hy net in die klas speel. (1)
- 8.7 **Dieselfde videospelletjie** word elke dag deur die seun gespeel. (1)
- 8.8 **Meneer Smit plaas hom in detensie om** hom te kan straf. (1)
- 8.9 **Meneer Smit vra beleefd vir die seun of** hy met sy werk sal begin.
(Die insluiting van "beleefd" in die opdrag/sneller verantwoord die uitlating van "asseblief" in die antwoord. Die "asseblief" word deur "beleefd" geabsorbeer.) (1)
- 8.10 **Meneer Smit met wie die** seun praat, is 'n kwaai onderwyser. (1)
- 8.11 **Sowel** die seun **as** die res van die klas is bang vir meneer Smit. (1)
- 8.12 **Die onderwyser het vir die seun gesê:** "Jy moet teen môre al jou werk inhaal." (1)
- [12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Spelling van die woorde moet korrek wees.

- 9.1 gereeld
9.2 vir wie
9.3 seuntjie
9.4 geduld
9.5 twaalf
9.6 hy
9.7 snaaksste
9.8 wêreld
9.9 goeie
9.10 punte
9.11 vir
9.12 n.a.v.
9.13 stokoud
9.14 komkommer
9.15 daarop
9.16 derde

[16 × ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- **Elke vraag tel twee punte.**
- **Ken 1 punt toe vir INHOUD en 1 punt vir TAAL.**
- **As die inhoud by elke sin net gedeeltelik korrek is, moet 'n ½ punt afgetrek word.**
- **Trek 'n ½ punt af vir elke taalfout: maksimum 1 punt word vir taal afgetrek by elke sin.**
- **Spelling word nie geenaliseer nie, behalwe as die spelling die betekenis verander.**
- **Trek eenmalig aan die einde 'n ½ punt af vir te lank of te kort.**
- **Indien die inhoud heeltemal verkeerd is, kan 1 punt steeds vir taal toegeken word.**
- **Maak seker die kandidaat spreek die donkergedrukte woorde/emosies aan.**
- **Die onderstaande sinne is net voorbeeldantwoorde:**

- 10.1 Eina! My liggaam is nog baie seer en ek wil nie nou hierdie kos eet nie.
(16 woorde) (2)
- 10.2 Ai sussie! Jy moet asseblief iets probeer eet, want jou liggaam het die krag nodig
om te herstel.
(18 woorde) (2)
- 10.3 Ek is so bang dat jy hier in die hospitaal moet bly en ons is by die huis.
(18 woorde) (2)
- 10.4 Ek is nou moeg gekuier en hier is niks vir my om te doen nie. Ek wil huis toe gaan.
(20 woorde) (2)
- 10.5 Ek is baie jammer, maar ek sal nou moet gaan. Ek het twaalfuur 'n vergadering by
die werk.
(18 woorde) (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte